# Heidelbergse Kategismus

# Sondag: 3

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.



Vraag 7: Waar kom hi [illegible] erdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en [illegible] oorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en [illegible] die paradys. Daar [illegible] natuur so verdorwe [illegible] dat ons almal in [illegible] en gebore wo [illegible]

Vraag 8: Is [illegible] is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: [illegible] es van God weergebore word.

# Heidelbergse Kategismus



Sondag: 3

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed

Genesis 1:31: God het na alles gekyk wat Hy gemaak het, en kyk, dit was baie goed. En dit was aand en dit was oggend – die sesde dag.

# Heidelbergse Kategismus



Sondag: 3

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep.

Genesis 1:26-27: God het gesê: “Laat Ons mense maak na ons beeld, as ons afbeelding, sodat hulle kan heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, en oor al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg.”
God het die mens geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskep, manlik en vroulik het Hy hulle geskep.

# Heidelbergse Kategismus



Sondag: 3

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.

2 Korintiërs 3:18: En ons almal, terwyl ons met ontsluierde gesig die heerlikheid van die Here aanskou, soos in 'n spieël, word na dieselfde beeld verander, van heerlikheid tot heerlikheid, soos afkomstig van die Here, die Gees.

Efesiërs 4:24: Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is.

Kolossense 3:10: en die nuwe mens aangetrek het, wat tot volle kennis en na die beeld van sy Skepper vernuwe word.





Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.

Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys.

Genesis 3

Romeine 5:12: Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld gekom het en as gevolg van die sonde die dood, so het die dood ook tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het.

Romeine 5:18-19: Daarom dan, soos daar deur die oortreding van een mens veroordeling oor alle mense gekom het, so het daar ook deur die een mens se gehoorsame optrede vir alle mense regverdiging tot die lewe gekom. Want soos deur die ongehoorsaamheid van een mens baie mense tot sondaars gemaak is, so ook sal deur die gehoorsaamheid van die Een baie mense geregverdig word.

# Heidelbergse Kategismus



Sondag: 3

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.

Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.

Genesis 5:3: Toe Adam 130 jaar oud was, het hy 'n seun verwek wat 'n afbeelding, 'n beeld van hom was. Hy het hom Set genoem.

Psalm 51:7: Kyk, in sondeskuld is ek gebore, sondig toe my moeder met my swanger geraak het.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 3

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.

Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.

Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja



Genesis 5:8: Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot is, en dat alles wat hy in sy hart bedink, altyd net sleg is,

Genesis 8:21: Die HERE het die geurige offer geruik, en die HERE het in sy hart gesê: “Ek sal nooit weer die grond vervloek vanweë die mens nie, alhoewel die mens se hart van sy jeug af neig na wat boos is. Ek sal nooit weer alles wat lewe tref, soos Ek gedoen het nie.

Job 14:4: Wie kan iets reins uit iets onreins laat voortkom? Niemand nie!

Job 15:14: Wat is 'n sterfling, dat hy volkome reg sou wees, dat hy gelyk sou hê – iemand gebore uit 'n vrou?

Job 15:16: hoeveel minder 'n mens wat afstootlik en ontaard is, wat ongeregtigheid soos water drink!

Job 15:35: Hulle is swanger van teenspoed, en gee geboorte aan onreg, hulle skoot berei bedrog voor.”

Jesaja 53:6: Ons almal het soos kleinvee gedwaal, elkeen van ons het sy eie koers ingeslaan; maar die HERE het ons almal se sondeskuld op Hom laat neerkom.

Johannes 3:6: Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees.

Titus 3:3: Want ons was ook voorheen onverstandig, ongehoorsaam, verdwaal, verslaaf aan allerlei begeertes en luste. Ons het in kwaadwilligheid en naywer geleef, ons was haatlik en het mekaar gehaat.

Heidelbergse Kategismus



Sondag: 3

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.

Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.

Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja, behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word.

Johannes 3:3: Jesus het hom geantwoord: "Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."

Johannes 3:5: Jesus antwoord: "Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie uit water én Gees gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie.

1 Korintiërs 12:3: Daarom maak ek aan julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God praat, sê "Jesus is vervloek!" nie, en niemand kan sê "Jesus is die Here!" behalwe deur die Heilige Gees nie.

2 Korintiërs 3:5: Nie dat ons uit onsself bekwaam is om te reken dat iets uit onsself kom nie – nee, ons bekwaamheid kom van God.

SONDAG: 3 - VRAAG EN ANTWOORD: 6

Vraag: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed1 en na sy ewebeeld geskep2. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys3.

1 Genesis 1:31
2 Genesis 1:26-27
3 2 Korintiërs 3:18; Efesiërs 4:24; Kolossense 3:10

SONDAG: 3 - VRAAG EN ANTWOORD: 7

Vraag: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys1. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word2.

1 Genesis 3; ; Romeine 5:12; Romeine 5:18-19
2 Genesis 5:3; Psalm 51:7

SONDAG: 3 - VRAAG EN ANTWOORD: 8

Vraag: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja1, behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word2.

1 Genesis 6:5; Genesis 8:21; Job 14:4; Job 15:14; Job 15:16; Job 15:35; Jesaja 53:6; Johannes 3:6; Titus 3:3
2 Johannes 3:3; Johannes 3:5; 1 Korintiërs 12:3; 2 Korintiërs 3:5